

# HEEL (HARTIG)

## DIE KARAKTER VAN PAULUS

Ons kyk vandag na die karakter van Paulus as 'n man met baie vertroue en waagmoed in die Bybel.

*Wat weet jy alles van Paulus se lewe af?*

Paulus was passievol, geleerd, doelgerig en het die wette op die punte van sy vingers geken… maar hy het sy kennis en talente op verkeerde manier aangewend.  Hy was arrogant en gewild vir die verkeerde redes en met die verkeerde dryfkrag.

Al praat ek mense en engele se tale, maar dis nie uit liefde nie… Al het ek al die kennis, kan geheime uitlê of berge deur geloof versit, sonder liefde is ek niks…

*Kan jy aan nog voorbeelde dink waar mense hul talente/ gawes verkeerd aanwend of tot nadeel van ander?*


PAULUS

Paulus was ‘n halwe mens… Of ‘n dubbele mens… Omdat hy nie vir Jesus in sy lewe gehad het nie.  Met die ontmoeting van Jesus op die pad na Damaskus, het hy besef wat is die waarheid en die moeite werd om voor te werk en te veg en op te staan.  Sy talente en gawes en geleerdheid was skielik in die regte rigting gestuur en dit was ‘n wen-wen situasie.

Hy het die Heilige Gees ontvang – ‘n hartsverandering.

***Lees die volgende aanhaling en bespreek hoe jy dit in die samelewing ook beleef.***

**BE STRONG, BUT NOT RUDE.**
**BE KIND, BUT NOT WEAK.**
**BE BOLD, BUT DON'T BULLY.**
**BE HUMBLE, BUT NOT SHY.**
**BE CONFIDENT, BUT NOT ARROGANT.**

THERE'S A THIN LINE BETWEEN CONFIDENCE AND ARROGANCE... ITS CALLED HUMILITY. CONFIDENCE SMILES. ARROGANCE SMIRKS.

- Unknown

# 1 TESSALONISENSE 2:1-12

**Ons teksvers vandag 1 Tessalonisense 2:1-12**. In hierdie teksgedeelte verdedig Paulus sy dade en woorde op grond van die krag van die evangelie.

*Hoe dink jy verskil Paulus se aanslag en manier van verdedig van die manier waarop hy dit voor Damaskus gedoen het?*

*Wat dink jy is die verskil?*

*Watter gedeeltes kan jy uithaal wat vir jou baie beteken?*

Sy woorde dra gewig en het betekenis, want dit kom uit ‘n diep liefde vir Jesus. Paulus praat nie net nie – hy leef ook opreg soos Jesus. Paulus doen nie net nie – hy gee ook om en het ‘n hart vir die mense. Sy manier van leef maak sy woorde geloofwaardig en opreg.




Ons lewe is soos ‘n pendelum.
Soms werk ons te hard… En vergeet om te geniet
Soms is ons vol selfvertroue… Maar vergeet om nederig te wees
Soms is ons gesteld op reg en verkeerd… Maar vergeet van genade
Soms leef ons ‘n lekker lewe vol liefde en genade… Maar vergeet om gehoorsaam te wees.

*Waar bevind jy jou tans op die pendulum in sekere areas van jou lewe?*

Sit Jesus weer terug in die middel – dan gaan jy weer sin vir die lewe kry en ‘n heel mens wees.

# JESUS CENTERED LIFE

*"The Jesus Centered Life is lived beyond the walls of the church."*




HY HET VIR HOM GESÊ: “ ‘JY MOET DIE HERE JOU GOD LIEFHÊ MET JOU HELE HART EN MET JOU HELE SIEL EN MET JOU HELE VERSTAND.’ DIT IS DIE BELANGRIKSTE EN DIE EERSTE GEBOD. EN DIE TWEEDE WAT HIERAAN GELYK STAAN, IS, ‘JY MOET JOU NAASTE LIEFHÊ SOOS JOUSELF.’ ’

MATTEUS 22:37-39

Simon Sinek praat in sy boek “Start with the Why” oor drie aspekte van ‘n suksesvolle lewe: WAT, HOE en HOEKOM.

Mense koop nie altyd wat jy doen of sê nie… maar ***hoekom*** jy dit doen of sê… maak dit geloofwaardig, maak dit heel.

Doen jy dit vir resultate?
Doen jy dit vir aansien?
Doen jy dit vir eer?
Doen jy dit omdat iemand anders gesê het jy moet?
Doen jy dit uit vrees?

Of doen jy dit uit jou hart uit – dan eers raak dit tot seen tot God en ander mense.

# REFLEKSIE:

## HOEKOM DOEN EK DIT (NIE)?

As jou motief reg is, sal jy met vertroue kan doen en praat.

*Wat behoort ons motief te wees as deel van ‘n Christen lewe?*

As jou motief reg is, sal jou woorde en dade bymekaar kom, krag dra en ‘n verskil maak.



# MOTIEF

**We obey. Out of a heart of love, through the power of grace.**

BID:

- Here, dankie vir Jesus wat sin gee aan alles in my lewe.
- Here, verander my hart sodat ek sal praat en leef vir Jesus
- Vra die Here om jou te help met areas van jou lewe waar die balans in Christus nog skeefgetrek is.
- AMEN.